**LEWE ELKE GELEENTHEID VIR DIE HERE!!! OMGEEGROEPE 2 – 8 November 2014**

1. LIEF EN LEED – deel met mekaar, ter wille van omgee vir mekaar, en dank, en doen voorbidding.
2. INGENOOI IN GOD SE TEENWOORDIGHEID – raak rustig in God se teenwoordigheid, en bid saam.
3. LUISTER NA GOD UIT SY WOORD – LEES EFESIëRS 5:6-17. Wat val jou veral op van verse 8, 10, 15, en 16? Vers 8 beklemtoon : "Leef dan as mense van die lig." Vers 10 beklemtoon dat dit 'n voortdurende aksie en manier van lewe is. Vers 15 vra goeie oordeel. Vers 16 sê doen dit doelgerig en gefokus! LEWE ELKE GELEENTHEID VIR DIE HERE!
4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD – ons luister maklik na die wêreld en dan word ons "met allerlei onwaarhede mislei" – vers 6 – en so raak ons ongehoorsaam aan God. Dink aan praktiese voorbeelde hiervan en gesels daaroor. Wat sou vers 7 in hierdie verband beteken? En vers 11? Wat sou vrugtelose praktyke in ons tyd wees? Vers 15 en 17 beklemtoon dat ons nie onverstandig moet lewe nie. Waaraan laat dit jou dink in jou omstandighede?
5. LUISTER WEER NA DIE WOORD VAN GOD – LEES weer Efesiërs 5:6-17 saam deur. Ons sou kon sê: "Wéét waarvoor jy hiér is!" Vers 17 beklemtoon: Leef Gód se doel vir jou lewe uit! Waarvoor en vir Wié is ek hier? Wie is die Here van jou lewe? Jý, of Gód? Regtig? LEES NOU saam 1 KORINTIëRS 9:24-26 en HEBREëRS 12:1. Twee dinge hou, volgens die Hebreërsteks, ons terug om elke geleentheid vir die Here te lewe: Laste en sonde. Ons teks sê ons moet die dinge afgooi! Kom ons stroop alles af wat ons spoed vir die Here vertraag! Laste is nie noodwendig verkeerd nie, maar dit kan onnodig jou energie tap omdat jy nie onderskei hoe belangrik of onbelangrik dit is nie. Aktiwiteite, verhoudings, verwagtings, die onvermoë om "nee" te sê. Dinge wat my weghou van wat die Here regtig wil hê ek vir Hom moet doen. Die tweede belangrike ding wat my weghou daarvan om elke geleentheid vir die Here te lewe is sonde. Ons moet dit afgooi! Hoekom bly ons dit dikwels teen ons eie beterwete doen? Dit verhoed ons om toegewy en volhardend vir die Here te lewe! Dit het Jesus sy lewe gekos vir jou, en dit kos jou jou lewe vir Hom! Daarom gryp jy elke geleentheid aan om vir Hom te lewe!
6. FOKUS OP WAT GOD DOEN – VERS 8 beklemtoon veral wat die Here doen: Maar nou, in die Here, is jy lig ! Wat sê dit vir jou in terme van wat God in jou lewe doen? Gesels daaroor, want juis op grond daarvan kan Paulus ons oproep: "Leef dan as mense van die lig!" Vers 9 beklemtoon wat uit God se lig in ons voortvloei. Gesels ook daaroor. Wat doen God se lig ook volgens vers 13? Christus verlig ook ons lewe, volgens die laaste deel van vers 14! God gee ook vir ons sy wil, einde van vers 17. Ons moet te wete kom wát sy wil vir ons is, en daaruit gaan leef in elke geleentheid.
7. ANTWOORD MET JOU LEWE – gesels saam oor hoe ons doelbewus elke geleentheid vir die Here kan lewe. Hoe kan ons as 'n geloofsgemeenskap mekaar daarin help?
8. BID NOU SAAM – deel met mekaar waarvoor ons kan bid. Gebruik gerus ook die gebedsbrief wat Sondae uitgegee word om vir die gemeente, siekes, bedroefdes, aktiwiteite, ens. te bid.
9. DIENSBEURTE – maak weer seker van diensbeurte van die groep.